



## Hoe sien JY 2012?

Francois se nuwejaars boodskap op Sondag 15 Januarie het ons oë, ons geestes oë, laat oopgaan! Hier is 'n uitreksel uit sy boodskap en onthou dat dit ook beskikbaar is op die website!

<http://www.nwbikerschurch.co.za/2012-01-15.html>

**2012 is jou jaar en God vra vir ons die volgende..**

Hoe kyk jy na 2012 en die toekoms? Wat was jou gesindheid teenoor 2011 en wil jy aangaan in 2012 waar jy gestop het in 2011 of is daar vir jou nuwe uitdagings en nuwe hoogtes wat jy wil bereik in 2012?!!



Jesus sê vir die dissipels in:

**Markus 8:18 (a) Het julle oë en sien julle nie?** Hoekom sal Jesus so sê: Omdat ons vandag nog in die 20ste eeu, net soos die dissipels wat saam met Jesus beweeg het, na dinge en omstandighede om ons kyk met ons **natuurlike oë**. **Met die oë van 'n mens!!**

Jou natuurlike oog sien net wat hy wil sien...

Jou geestes oog sien wat God wil hê jy moet sien...

### Ephesians 1:18 (Amplified Bible)

*By having the eyes of your heart flooded with light, so that you can know and understand the hope to which He has called you, and how rich is His glorious inheritance in the saints..*

**AS JY IN 2012 EN DIE TOEKOMS NET OP JOU NATUURLIKE Oë GAAN STAATMAAK EN NIE OP JOU BONATUURLIKE Oë VAN JOU HART FOKUS NIE, GAAN JOU Oë IN JOU KOP JOU VERNIETIG!**

### PASOP! GOD SE WOORD Sê:

**Markus 9:47** En as jou oog jou van My afvallig laat word, pluk hom uit! Dit is beter dat jy met een oog die koninkryk van God ingaan as dat jy altwee oë het en in die hel gegooi word.

**Lees gerus die verhaal van Saulus waar hy Paulus geword het nadat Jesus Christus hom op die Damaskus pad ontmoet het!** Is ons net soos Saulus besig om met ons natuurlike oë die wêreld om ons te vernietig en te veroordeel?

Sê ons dalk in ons eie menslike arrogansie: "Alles is vir my moontlik", "Ek kan wees wie ek wil", "Ek kan doen wat ek wil" Ons sê ook soms vir ons kinders: "Maak oop julle oë en kyk wat die wêreld julle kan bied...."

**So laat ons onself en ons kinders of familie in vir groot teleurstellings!**

Nie ek of jy kan wees wat ons wil wees nie al sê jy: "ek wil soos dié...of ek wil soos dááí..of as ek net soos hy of sy..."

Ek kan net wees wat ek is... Maar ek kan kies HOE ek wil wees wie ek is!!

Hoe het SAULUS gelyk voor sy Damaskus pad..voor Handeling 9?

Saulus nou Paulus, noem hom wat jy wil, **HY WAS WIE HY WAS NIE**..he was bad..very bad..en het net op sy natuurlike oë geleef..en geheers..

Na Handeling 9 was hy net Paulus en **HY WAS WIE HY WAS NIE**. Nogals iets om aan te kou!

Ek kan kies  
HOE ek wil  
wees WAt ek  
is...

Maar hy het iets gevra.... **"Who are you?"** En die antwoord was.. **"I am Jesus.."**

When we see Jesus, when our eyes are closed to everything, but Jesus. Then **JESUS OPENS THE EYES OF OUR HEARTS**.

*Was jy al op JOU Damaskus pad ? Bid saam met my....*

*"Jesus, maak my hart se oë oop, want ek wil nie langer deur by eie menslike oë na myself, my werk, my huwelik, my kinders, my skool, my lewe, my finansies kyk nie. Ek wil na dit kyk deur die oë van my hart en dit sien soos wat U dit sien! Amen!"*

## ONS GAAN 2011 UIT MET JESUS EN DIE HEMEL JUIG!




Ons oujaarsnag diens het ons wildste verwagting oortref! Ek moet by sê dat ek en Francois besluit het om NIE hierdie jaar 'n diens te hou nie sodat ons kan rus na 'n geweldige intense 2011. Maar! **As die Evangelie van Jesus Christus so sterk in jou are vloei, verkondig jy dit tydeig en ontydig.** Of jy nou voel jy sterf van moegheid of nie, jy gaan! En ons gaan toe....300+ mense trek op Flamwood Walk toe daardie aand in Klerksdorp en ons hou 'n fees van ses uur die oujaarsaand tot een uur die oggend die nuwe jaar in!



Ons het geestelike sangers gehad waarvan Tony Steyn een was en ons het gesing, 100de geestelike geskenkies uitgedeel, lekker gelag en natuurlik... ons diens wat 23H15 begin het!

Francois het die Woord gebring: **JY, GOD en 2012!**

Dit was so treffend en ons het almal die geleentheid gehad om ons vrese, pyn en leed van 2011 op papertjies te skryf en 10 minute voor 2012 aangebreek het, het ons 'n groot vuur gemaak en almal kon hul pyn van 2011 daarin gooi!



Daarna het ons 'n spesiale countdown DVD gespeel met **Joe Niemand** se kosbare lied genaamd:

**"Ek sal nie bang wees nie"** Dit was so toepaslik op Francois se boodskap en ons het almal saam dit hardop gesing! Die lirieke is gebaseer op **Psalm 91** "Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige. Ek sal tot die **HERE** sê: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou."

Toe het ons vuurwerke gehad en mekaar geseën vir 2012! **Ons trane het onbeheers geloop oor ons wange en ons het mekaar net vasgehou en daar was 'n heilige broederskap en liefde tussen ons almal. Ons het mekaar met nagmaal bedien en dit was heilige grond en heilige oomblikke...**

**Hier volg 'n getuienis wat ons harte geruk het....** \*(ons respekteer haar versoek om nie haar naam te publiseer nie)

- Past Francois en René, Baie Baie dankie vir die wonderlike geseënde diens van vanoggend (15/01/2012). Dit was awesome. Ons as gesin het dit verskriklik baie geniet. Was nog nie eendag spyt dat ons by julle aangesluit het nie! Ek het nog nie 1 diens bygewoon sonder trane in my ogies nie. Ek huil tog te lekker en die beste is , ek gee nie eers om om kliphard te sit en huil nie. Ek dink julle 2 is baie baie geseënd. Dankie vir julle pragtige boodskappe by elke diens. Dit is so eenvoudig uit een gesit dat ek nie 'n graad nodig het om dit te verstaan nie. En Francois jou hartseer sal minder word ma jy sal jou sussie nooit vergeet nie. Ek was een van die mense wat jul diens Oujaar bygewoon het en dit Was my heel eerste ene in my hele lewe van 59 jaar. **Ek was nog nooit in 'n kerk of diens bywoning op oujaar nie.** Ek dank God ek kon dit in 2011 doen en glo my as God wil sal dit nie my laaste ene wees nie. Ek dank die Here dat ek by sy Huis uitgekome het met 2 sulke begaafde mense. Dankie weer eens. Dankie vir my Wonderlike skepper ook.
- Ek en my man het nooit vandat ons getroud is saam die Here gedien nie. Ons het 15 jaar terug in \*\*\*\*\* in getrek en met 'n besigheid begin. Dit het BAIE goed met ons gegaan, maar daar was 'n leegte in ons lewens. Ons het nie tyd gehad vir God in ons besige lewensstyl nie. Nou ongeveer 'n jaar gelede het dit net slegter en slegter gegaan. So sleg dat my man moes uitspring om te gaan werk. Die besigheid het net al verder en verder agteruit gegaan. Ek het belangstelling begin verloor in die plek. Tot eendag wat my man met Coen Claasens (lidmaat van NW Bikers Church) gesels het en hy ons na julle diens , toe jul 2de verjaardag diens uitgenooi het. Ons het toe besluit om dit by te woon en het sederdien nog nie 1 diens gemis nie. Ons het dit so geniet dat ons bersluit het om lidmate te word. Want ja dit is waar ons wil wees en God saam as gesin dien. Een dag het ek en my man so gesit en gesels en toe vra hy vir my **"hoekom het ons nooit kerk toe gegaan toe ons geld gehad het nie"** my antwoord aan hom was **"Ons het nie plek of tyd vir God in ons lewens gehad nie. Ons was te besig om geld te maak en daarom het ons Hom nie meer geken nie."** Maar God het 'n doel daarmee gehad. Ons is Sy kinders en hy wil ons weer terug hê in Sy gemeenskap. Hy het ons laat beseef ons het Hom nodig in ons lewens. Ons begin weer onder, maar hierdie keer met God aan die stuur. Ek weet ek gaan nog baie val en opstaan, ek kruip nou en moet weer leer loop en dan kan ek saam met God aan my sy weer opstaan. Ons plaas ons besigheid in God se Hande en as dit Sy wil is sal ons weer bo uitkom. En pastoor julle moet nie weg gaan nie , julle werk is nog nie hier afgehandel nie. Ons het julle nodig,. En dit is nie net ek wat lekker sit en huil elke Sondag nie, my man doen dit saam met my en my ou kleinseun sit net troos oumi en oupi. ek se net elke dag dankie Jesus dat ek weer by U voete kan sit en dankie vir die wonderlike mense daarbuite wat sy kinders by mekaar bring om Sy naam groot te maak. Dankie Francois en Rene. en Coen. en **Baie dankie Jesus dat ek op my ou dag die pad sam met U my Koning kan stap. Dankie dat U my hand in joune gevat het om die lang pad vorentoe te stap.** Sjoer, nou het ek baie gepraat. Maar ek moes dit met iemand deel!

**DANKIE JESUS!!! DIT IS WONDERWERKE WAT ELKE DAG VOOR OË GEBEUR EN DAN VRA ONS: "WAAR IS DIE WONDERWERKE??"** MAAK JOU GEESTELIKE OË OOP EN KYK! DIS REG VOOR ONS!

# BIKER DEDICATION RUN SA & NAM

All Venues:

Sunday 12 February 2012 @ 9:00



Badges @ R20 Ea

West Rand: Johan 082 371 2625 ♦ North West: Francois 079 498 6099  
Vaal Triangle: Wynand 084 973 9601 ♦ Pretoria: Cobus 082 435 4262  
East Rand: Brett 083 258 8271 ♦ Western Cape: William 082 949 9610  
Louis Trichardt: Lood 084 657 5558 ♦ Stellaland: Johan 072 257 4876  
Maritzburg: Pierre 082 870 0722 ♦ Mpumalanga: Heleen 079 526 4622  
Walvis Bay: Pieter +264 811 242523 ♦ Windhoek: JP +264 816 926438  
Richards Bay: Alan 082 377 9559 ♦ Burgersdorp: Ben 082 332 4738  
Sabie: Sean 072 455 6565 ♦ Nelspruit: Hennie 082 852 6833

[www.crossroad-ministries.co.za](http://www.crossroad-ministries.co.za)

VAN OVAMBOLAND NAMIBIë  
TOT OP DIE SUIDPUNT VAN  
AFRIKA WY ONS BIKERS SE  
FAMILIES, HUWELIKE, KINDERS,  
WERKE, GESONDHEID, VEILIG-  
HEID EN EN EN  
AAN DIE HERE  
TOE!



Ps Johan van Eck is die founder van die jaarlikse Dedication Run wat in SA en Namibië gehou word elke jaar. Omrede Johan nou deel is van die **Crossroad Bikers Church Netwerk (CBCN)** sedert 2011, het hy gelei gevoel om hierdie kragtige event deel te maak van die CBCN. Vir ons is dit 'n groot voorreg en ons vertrou die Here vir 'n dag wat in die geskiedenis boeke opgeteken sal word en 'n impak sal maak in die hemel en op aarde! Ons is uitverkoop aan Jesus Christus en doen NET wat Hy vra!

**Biker Dedication Run** – hoofsaaklik 'n diens om aspekte van die biker se lewe to “dedicate” aan die Here. Ons maak egter ruimte vir ons **NON-BIKERS** ook! Dit is 'n erediens wat baie klem lê op die verhoudings tussen die Biker/Non-Biker en die Here, sy/haar familie, ens.

## Ons dedicate:

elke klub en al sy members,  
die biker en sy familie / meisie / kerel,  
die biker en sy werk,  
die biker wie sy eie besigheid het,  
die biker en sy gesondheid, ens.

Ons kuier die hele Sondag saam! Daar is braaivleisvure, stalletjies en ons bou verhouding.

**Badges sal verkoop word @ R20 Elk**

***NB: Hierdie event is oop vir NON-BIKERS ook asseblief! Ons bikers churches akkommodeer ALMAL wat lief is vir ons en saam met ons Jesus Christus se Naam wil verhoog voor die wêreld!***

**ALL WILL SEE HOW GREAT IS OUR GOD!!**

**Please check out all the venues of the CBCN churches!**

## Crossroad Bikers Church Network SA & Namibia

Head Office: (018) 473 5354 info@crossroad-ministries.co.za

www.crossroad-ministries.co.za

<b>NORTH WEST</b>	PS FRANCOIS V/D BERGH	<b>079 498 6099</b>	MAYFAIR VILLAGE VENUE KLERKSDORP (R30 ROAD)
<b>WEST RAND</b>	PS JOHAN VAN ECK	<b>082 371 2625</b>	ALBERTON RUGBY CLUB, ALBERTON
<b>EAST RAND</b>	PS BRETT MCDERMID	<b>083 258 8271</b>	NOT CONFIRMED
<b>PRETORIA</b>	PS COBUS SIEBRITS	<b>082 435 4262</b>	LAERSKOOL DERDEPOORT, 195 UIL- STRAAT, JAN NIEMANDPARK
<b>VAAL TRIANGLE</b>	PS WYNAND VIVIERS	<b>084 973 9601</b>	34 JOUBERT STREET, VEREENIGING
<b>WESTERN CAPE</b>	PS WILLIAM LAUBSCHER	<b>082 949 9610</b>	3 MUSANTE CLOSE, BLACKHEATH KUILSRIVER
<b>LOUIS TRICHARDT</b>	PS LOOD MULLER	<b>084 657 5558</b>	LALAPANZI HOTEL N1, 30KM FROM LOUIS TRICHARDT
<b>STELLALAND</b>	PS JOHAN MEINTJES	<b>072 257 4876</b>	SWEIZERWEG 1, VRYBURG
<b>MARITZBURG</b>	PS PIERRE MAREE	<b>082 870 0722</b>	GOLDEN KNIGHTS PUB, ASHBURTON
<b>MPUMALANGA</b>	PS HELEEN WALKER	<b>079 526 4622</b>	30 MEYERSTRAAT, MIDDELBURG
<b>WEST COAST, NAM</b>	PS PIETER FOX	<b>+264811242523</b>	AGS USAKOS, NAMIBIA
<b>WINDHOEK, NAM</b>	PS JP FOURIE	<b>+264816926438</b>	AGS USAKOS, NAMIBIA
<b>SABIE</b>	PS SEAN BUSHNEY	<b>072 455 6565</b>	SYBRAND VAN NIEKERK SEC SCHOOL MAIN STREET, SABIE
<b>LOWVELD, NELSPRUIT</b>	PS HENNIE ERASMUS	<b>082 852 6833</b>	AFM SHALOM, HAZYVIEW
<b>RICHARDS BAY</b>	PS ALAN LAWRENCE	<b>082 377 9559</b>	NOT CONFIRMED
<b>STUNTERS4CHRIST</b>	PS WILLIE BRUWER	<b>082 417 5730</b>	MAYFAIR VILLAGE, KLERKSDORP

- Daar mag veranderinge wees wat nie aangebring is tydens die plasing van hierdie artikel nie. Skakel met ons indien u onseker is of weet van 'n verandering.

**First National Bank  
Cheque A/C 62016730865  
Branch Code: 230102  
Swift Code: FIRZAJJ**

**May the LORD bless you and protect you.  
May the LORD smile on you and be gracious to you.  
May the LORD show you his favor and give you his peace.'  
SHALOM!! (Num 6:24-26 NLT)  
Francois & René**